
# SAHARA-AVONTUUR REEKS

No. 36

# Die Geheim van Fort Laval



Meiring Fouché

## Hoofstuk 1

Voetseer, totaal uitgeput en by die dood van die dors kom die tien manskappe van die Franse Vreemde Legioen op die rug van die laaste duin uit.

Vir hulle voel dit asof dit die miljoenste duin is waarop hulle uitkom vandat hulle laas in die beskawing was. Hulle verbeel hulle dat hulle duisende kilometers deur die godverlate suidelike Sahara geswerf het tot op hierdie dag toe.

Hulle lyk nie meer soos soldate nie. Hulle lyk soos skorriemorrie uit die agterbuurt van een van die groot stede van Europa. Hulle uniforms is in toiings. Hul oë is bloedbelope, die lippe gebars sodat die bloed in die lang onversorgde baarde afgeloop het. Gelaatskleur het hulle nie meer nie want die fyn Sahara stof het kompleet 'n koek op die beswete gesigte gelaat. Dit lyk asof hul gesigte van klei gemaak is. Die vingernaels is lank. Party se stewels se sole het losgeraak. Daarom lyk hulle eerder soos bedelaars as lede van die trotse Vreemde Legioen.

„Goddank," sê hul leier toe hy op die rug van die duin gaan sit in die hittige sand van die Sahara. „Goddank, daar lê Fort Laval." Sy oë wat altyd so helderblou is, is vandag flou en kragteloos want hulle het reeds gister die laaste bietjie water weggesluk. Die laaste kos het hulle al eergister geëet en voor daardie tyd het hulle net genoeg gedrink en geëet om aan die lewe te bly. Hierdie tien man het deur die hel gekom tot op die rug van hierdie duin. 'n Week lank het een van die mees ongenadige Saharastorms hulle tussen die duine vasgekeer sodat hulle omtrent niks kon doen behalwe hul koppe weg te steek nie. Dag na dag, nag na nag, het hierdie ongeëwenaarde storm oor hulle gewoed met soveel geweld dat dit die sandklippies horisontaal oor die aarde gedryf het, en dit met soveel krag dat geen mens of dier dit regop kon waag in die storm nie. Hoe hulle hulself ookal probeer beskerm het, die sand het hul hande gevang en soms hul gesigte. Dit het hulle geslaan sodat die bloed daaruit gekom het. Van tyd tot tyd moes hulle versit as hulle nie wou toegewaai word onder die sand nie. Dag of nag was feitlik nie te beken nie, so het die Saharasand gewaai. Dié wat ver daarvandaan was, het verdwaas en geskok na die verskynsel

gekyk want dit het gelyk asof die stof tot aan die hemele raak. In die groot stede het die koerante daarvan berig en meegedeel dat dit een van die woedendste en een van die dodelikste sandstorms in die mense heugenis is. So geweldig was die storm dat die rigting en die krag daarvan gereeld oor die radio aangegee is sodat Arabierse dorpe en swerwende Arabiere moontlik gewaarsku kon word om uit die pad daarvan te probeer kom.

Maar aan hierdie paar man van die Franse Vreemde Legioen is daar geen waarskuwing gegee nie. Hulle het die volle geweld, die volle pyn daarvan beleef en hulle sou dit nooit oorleef het as hulle nie hierdie leier gehad het nie. En as hulle nie van vroeg af reeds onderrig ontvang het van hoe 'n mens jou in 'n Saharastorm moet gedra nie. Hulle het dit ter nouernood oorleef en hier lê hulle nou op die rug van die laaste duin. Hulle lê want hulle het feitlik nie meer krag om regop te sit nie. Hierdie afgelope halfdag het hulle voetjie vir voetjie oor die sand aangestrompel gekom. Stap kan hulle nie meer nie. Hulle kan net die een voet stadig voor die ander sit en was dit nie vir die uithouvermoë en die inspirasie van hul leier nie, dan sou hulle hierdie duin seker nooit bereik het nie.

Die leier van die klein patrollie is 'n lang, lenige man, sterk gebou met fyn lyne om sy oë; lyne wat daar ingekerf is omdat hy al so lank in die Sahara is. Dit is al baie jare dat hy sy oë moet noumaak teen die wit skittering van die woestyn. Sy naam is Teuns Stegmann en hy kom uit die verre Suid-Afrika. Hy is die enigste Suid-Afrikaner in die hele Franse Vreemde Legioen.

Teuns Stegmann het nie by die Legioen aangesluit omdat hy vir iets probeer vlug het nie of omdat die lewe vir hom doodgeloop het in sy eie land nie, of omdat hy die een of ander misdaad gepleeg het nie. Die lang man het met 'n roeping by die Vreemde Legioen aangesluit. Daardie roeping is dat hy soek na sy broer wat in die Tweede Wêreldoorlog reeds verdwyn het. Hy het nog altyd geglo dat sy broer deur die Arabiere ontvoer is en dat hy iewers gevange gehou word. Wanneer hy met homself eerlik is moet hy beken dat daar weinig meer hoop is dat hy sy broer ooit lewend sal vind. Maar nadat hy by die legioen aangesluit het, het hy soveel goeie vriende gemaak en het dit vir hom so interessant geword dat hy vandag nog steeds in die Legioen is.





Teuns Stegmann se oë is nou weer nou teen die helder lig van die Sahara. Hy tuur aandagtig in die rigting van die klein Fort met die naam Laval. Wat 'n verpestelike klein plek is dit nie! Een van die heel suidelikste vestings van die Franse Vreemde Legioen in die Sahara. 'n Stinkende nes van hitte, vlieë en ysere dissipline. So onaardig is Fort Laval dat die garnisoene hier elke drie maande omgeruil word. Die opperbevel van die Vreemde Legioen besef baie goed dat hulle manne nie langer as drie maande hier behoort te hou nie. Daar het al gevalle voorgekom waar manne waansinnig geword het in die eensaamheid en afsondering van Fort Laval. Hier is nie eens 'n oase of 'n Arabierse dorp of 'n karavaanroete in die nabyheid nie. Dit is net Fort Laval in die oneindige godverlate eensaamheid van hierdie deel van die Sahara.

En tog is hierdie vir hulle tuiskoms, al is dit ook tuiskoms na Fort Laval. Selfs Fort Laval is aangenamer as die verderf van die Sahara. Selfs Fort Laval is verkieslik bo die teistering van hitte en sand soos hulle dit nou weer beleef het.

Teuns Stegmann is dankbaar hier waar hy sit. Vir hom is dit byna asof hy tuisgekom het na die pragtige Hexvallei waar die groen wingerd en groot boorde 'n mens begroet—die vallei waar hy sy herkoms het. Hy voel ook trots en dankbaar dat hy nou kan sit en tuur na die borswerings van Fort Laval. Meer as twee weke gelede is die nege man aan hom toevertrou—'n paar rekrute en twee van sy vriende. Hy is uitgesoek om die patrollie die woestyn in te lei om die paar rekrute touwys te maak in die Sahara. Hy het dit gedoen na die beste van sy vermoë en nou voel hy selfs dankbaar dat hulle die pyniging van die storm deurgemaak het sodat hierdie groentjies kan sien hoe 'n sandstorm in die Sahara lyk.

Teuns Stegmann se oë vernou verder totdat hulle net twee blink skrefies teen die helder lig van die Saharason is, teen die blink weerkaatsing van die duine.

Toe draai hy sy kop en kyk na die ander. Nee, hulle is dood vir hierdie wêreld. Hulle het eenvoudig op die sand kom neerval met hul gesigte op die arms gestut en dit lyk vir hom asof die meeste van hulle reeds aan die slaap is.

Maar toe hy na hulle afstaar, lig die een sy kop. Dit is die groot Duitser Fritz Mundt.

Fritz Mundt sien die betekenis in Teuns Stegmann se oë. Daarom kom hy half orent en handeviervoet kruip hy tot hier langs die Suid-Afrikaner.

,,Kyk 'n bietjie daar,'' sê Teuns.

,,Is daar 'n fout?'' vra Fritz toe hy met sy bors op die skerp rug van die duin kom lê en oor die wye sand gelykte wegtuur in die rigting van die klein ronde vesting Fort Laval.

,,Wat sien jy?'' vra Teuns.

,,Ek weet nie wat ek sien nie,'' antwoord Fritz, ,,maar dit lyk 'n bietjie eienaardig.''

Hy draai sy kop en toe word hy weer bewus van die sagte bries wat oor die woestyn waai.

,,Waar is die vlag?''

Dit is die eerste wat Fritz vra. Hier vanwaar hy lê, het hy heel eerste opgekyk na die vlagpaal van Fort Laval. Dit is die heel eerste waarna 'n man kyk wanneer jy uit die woestyn na 'n fort terugkeer. Die Sahara is 'n ongenadige wêreld. Vol geheime en nare verrassings. Soms dodelike verrassings soos hierdie manne maar te goed weet. Daarom is dit by hulle al tweede tradisie om wanneer hulle terugkeer, heel eerste na die vlagpaal te kyk om te sien of die Franse driekleur nog ongestoord wapper.

Vandaar dat Fritz nou die vraag stel want sover hy kan sien, is daar geen teken van die Franse driekleur nie.

,,Ek sien nie die vlag nie,'' antwoord Teuns. ,,Maar wat sien jy nog, Fritz?''

Die fort is nog 'n hele end van hulle af maar Fritz en Teuns Stegmann het altwee skerp oë wat oor groot afstand kan sien.

,,Ek gewaar niemand op die borswerings nie,'' sê Fritz en daar kom 'n koue gevoel deur sy liggaam toe hy dit sê.

,,Dit is onmoontlik dat daar niemand op die borswerings van enige vesting van die Legioen is nie. Daar moet altyd wagte op die borswerings wees, maar hoe hulle ook al kyk, vandag gewaar hulle nie wagte op die borswerings van Fort Laval nie. Dit is maklik om wagte op die borswerings op 'n groot afstand raak te sien. Hulle blou uniformbaadjies en die spierwit kepi's is duidelik sigbaar wanneer die wagte op die borswerings beweeg. En as dit nie sigbaar is nie, is daar altyd die flits van die Saharason op hul bajonette. As daar wagte op die borswerings stap, dan blits hul bajonette en jy kan dit kilometers ver sien.



Sahara Avontuur

Op hierdie middag blits geen bajonette op die borswerings van Fort Laval nie.

Fritz Mundt loer na Teuns Stegmann en hy sien dat die Suid-Afrikaner se gesig roerloos en uitdrukkingloos is.

Toe kyk die Duitser weer in die rigting van die vesting, maar nou kyk hy op 'n ander plek. Hy deurskou nou die terrein om die klipmure van Fort Laval. En dit is toe hy dit doen, dat hy meteens regop kom sit hier langs Teuns.

,,Sien jy dit ook?'' vra Teuns.

,,Ja, ek sien dit,'' sê Fritz sag. Fritz is nie 'n bang man nie. Hy is 'n kolos van 'n mens. Die sterkste man in die hele Legioen. Maar nou is daar die sweem van angs in sy stem.

Dit is nie vir hulle nodig om aan mekaar te sê wat hulle sien nie. Wat hulle sien is immers duidelik genoeg. Daar duskant die vesting op die sand is daar 'n aaklige swart plaat krioelende goed. Aasvoëls. Dit lyk asof die hele wêreld se aasvoëls daar vergader is. Om duideliker te kan sien, haal Teuns die klein teleskoop uit wat die aanvoerder van enige Sahara-patrollie met hom saamdra. Hy kyk lank daardeur voordat hy dit sonder 'n enkele woord van Fritz Mundt oorhandig. Fritz hoor vir Teuns sug toe hy die teleskoop op die vesting rig.

,,Goeie hemel,'' sê Fritz toe hy die terrein buite die fort bekyk. ,,Dit wemel en krioel daar van aasvoëls.'' Nou kan hy sien dat party van die roofvoëls ongestoord op die borswerings ingeryg sit. Hy kry 'n draai op sy maag. Aasvoëls op die borswerings van enige vesting beteken net een ding—'n ramp. Aasvoeëls sal dit nie waag om op 'n vesting te gaan sit as daar wagte op die borswerings is nie. Of as daar manne in die vierkant is nie. Maar daardie aasvoëls sit vandag rustig op die borswerings, op die torings van Fort Laval.

Hy staar 'n hele ruk na die toneel daar voordat hy die teleskoop aan Teuns teruggee.

Toe kyk hulle eers na mekaar en hoewel nie een iets sê nie, word daar tog baie gepraat tussen hulle twee. Hulle weet wat dit beteken. Hulle weet wat op hulle wag. Hulle het dit al van te vore deurgemaak. Maar toe het hulle krag gehad, krag om iets te doen

en om te dink en om te veg as dit nodig is. Maar vandag het hulle feitlik nie krag om hulle oë oop te hou nie.

,,Wat gaan ons doen?'' vra Fritz na 'n hele ruk.

,,Ons kan nie in die woestyn vergaan nie. Ons moet water drink en ons moet eet.''

,,Ja, dit is,'' erken die Duitser. ,,Wat ook al in Fort Laval wag, ons moet daarheen, nie waar nie?''

,,Dit is so,' sê Teuns en staan op.

,,Legionnaires,'' sê hy streng. ,,Op die voete. Ons trek verder.'' Party van hulle hoor sy stem soos deur 'n droom. Hulle begin orent sukkel. Die eerste een wat op sy voete is, is die Pool met die naam Podolski. Van die ou garde wat altyd bymekaar is, is dit net Teuns, Fritz en Podolski wat hierdie keer gekom het om in Fort Laval af te los. Die ander paar van hul kameraadskap—die Engelsman Jack Ritchie en die Italianer Petacci—het hierdie keer nie saamgekom nie. Dit het hulle aan die begin ontstel want hulle glo dat as hulle vyf geskei word, dan is daar fout. Nou lyk dit byna asof hierdie bygeloof van hulle bevestig gaan word.

Stadig en pynlik lei Teuns Stegmann sy klein kolonne die duin af oor die gelykte weg in die rigting van Fort Laval. . .

Sy kop is laag terwyl hy stap want hy is diep in gedagte versonke. Die afgelope vier dae al het hy hierdie gevoel van onheil in sy binneste. Hulle het soveel dinge gesien op hierdie tog deur die Sahara. Bree spoorstrepe van ruiters in kameel karavane. Hulle het gesorg dat hulle uit die oog bly nadat hy die eerste maal die groot verstoring in die sand gesien het. Teuns Stegmann is ervare genoeg hier in die Sahara om te weet dat daar 'n beroering onder die Arabiere is. Hulle het aan die trek gegaan. Hy weet nie waarheen nie, maar hy weet dat die Arabiere aan die trek gegaan het.

Telkens kyk hy op na die fort om te sien of hy nie dalk daar beweging sien nie. Hy verwag om elke oomblik 'n Arabierse ruiter kolonne by die fort te sien uitbars. Of is hy 'n pessimis as gevolg van die uitputting? Kan dit wees dat die garnisoen ongeskonde is en dat die aasvoëls maar feesvier op Arabierse gesneuweldes? Hy probeer homself dit wysmaak, maar hy kan dit nie glo nie. As die garnisoen ongeskonde is, sal daar manne op die borswerings wees. En hoe hy ook al kyk, hy sien nie 'n enkele wag daar beweeg nie. Al





wat hy sien is fladderende aasvoëls. Of aasvoëls wat rye en rye botstil op die borswerings sit.

Die Sahara het Teuns al geleer dat 'n mens nie te vinnig gevolgtrekkings moet maak nie. Daarom besluit hy om te wag totdat hulle daar aankom. Dit is moontlik dat die garnisoen ontruim is. Per slot van rekening hy en sy paar manne is meer as 'n week laat. Dit kan wees dat die garnisoen ontruim is en dat hy en sy manne aan hul lot oorgelaat is omdat die bevelhebber gemeen het dat hulle in elk geval verlore is. Hier in Fort Laval het hulle tog geweet van die sandstorm. Die sandstorm het die vesting ook getref. Dit kan 'n mens sien aan die nuwe sandbanke wat deur die geweld van die wind opgestryk is. Ja, hier het die sandstorm ook gewoed en dit is redelik om aan te neem dat die bevelhebber van Fort Laval afgelei het dat Stegmann en sy patrollie in die Sahara omgekom het.

Hy kry selfs moed toe hy daaraan dink sodat hy 'n bietjie vinniger oor die sand begin aanstryk.

,,Dit lyk vir my ons kom voor dooiemans deur,'' sê Podolski ewe droog.

,,Dit lyk byna so,'' antwoord Fritz en die paar rekrute kyk met beangste oë na die toneel voor hulle.

,,Stap ons nie nou 'n lokval binne nie?'' vra Podolski.

,,Watter alternatief het jy?'' vra Teuns. ,,Wil jy hier in die Sahara lê en biltong word. Ek is lus vir water en die enigste water waarvan ek in hierdie omgewing weet, is in Fort Laval.''

,,Kan ons nie uithou totdat dit donker is nie?'' vra Podolski. Hy is 'n dapper Pool maar ook 'n versigtige Pool.

Teuns antwoord nie daarop nie. Hy bly maar net aanstryk in die rigting van die fort. Hy hou die aasvoëls dop. Aasvoëls is nare goed, walglike goed. Hier in die woestyn is hulle altyd noodlottige boodskappers. Hulle bring altyd die slegte tyding. Maar soms het aasvoëls ook hul waarde. Daar waar hulle nou op die borswering sit, vervul hulle 'n funksie. Teuns sien hoe rustig hulle sit. Af en toe vlieg een op en gaan stryk buite die fort neer. Dan kom twee of drie weer van die sand af en gaan sit op die borswerings. Daar is blykbaar niks wat hulle verstoor nie. Daaruit maak die Suid-Afrikaner sy afleiding. Daar is niemand in Fort Laval nie. As daar

iemand is, sou daardie aasvoëls nie so houtgerus daar gesit het nie. En 'n aasvoël is 'n opmerksame voël. Net die geringste beweging en hulle sal opvlieg. As daar enigiemand in die vesting is, sou hulle dit al verraai het.

Dit gee die Suid-Afrikaner ook moed. Die patroon van wat hier plaasgevind het, begin vir hom stadig duidelik word. Die Arabiere het aangeval. Dit word bevestig deur die feit dat hulle soveel spore in die woestyn gesien het. Die aanval is afgeslaan en om die een of ander rede is die garnisoen ontruim.

Toe tref 'n gedagte hom so hard dat hy byna gaan stilstaan. Hy dink aan die politieke verwikkelinge in Algerië die afgelope tyd. Fort Laval is baie afgesonder maar van tyd tot tyd kry hulle tog ook nuus. En voordat hulle vertrek het, is los en vas gepraat oor die aanstaande vryheid van Algerië. Daar was van die manne wat gesê het dat wanneer Algerie vry word of onafhanklik, die Vreemde Legioen verplaas sal word na 'n ander gebied. Nee, het ander geredeneer, die dag wanneer Algerië onafhanklik word, sal die Vreemde Legioen eers nodig wees om rus en orde te handhaaf.

Nou loop en dink Teuns aan die moontlikheid dat iets gebeur het solank hulle weg was. Veel kon gebeur het in hul afwesigheid want hulle was lank weg. Daar kon iets gebeur het waarom die garnisoen ontruim is.

Toe hy daaraan dink, word hy yskoud. Hy voel meteens baie eensaam en weerloos. Hulle is maar tien man. Tien man van die Vreemde Legioen verlore in die Sahara, verlore en vergete. Die naaste veiligheid vir hulle is by Dini Salam die garnisoen plek van die Vreemde Legioen. En tussen hulle en Dini Salam is daar kilometers van sand en miskien duisende Arabiere. Hy weet goed genoeg dat die Arabiere in die roes van hul nuutgevonde vryheid enige Legioenman onmiddellik sal dood. As dit so is dat Fort Laval ontruim is, dan skep dit vir hulle paar 'n fantastiese situasie; 'n situasie waarin daar feitlik geen hoop of redding is nie. Hy wil liewer nie daaraan dink nie. Hy bly maar staar na die vesting voor hom en hy hoop maar dat wat hy dink nie so is nie.

Op vyfhonderd tree tref die doodstank hulle sodat Teuns sy hand omhoog hou en sy paar manne tot stilstand bring.

Hiervandaan kan hulle duideliker sien. Voor hulle lê 'n slagting, 'n aaklige chaos van die dood.

Teen sy ruggraat kry Teuns Stegmann weer die koue gevoel. Dit is 'n gevoel wat hom altyd waarsku. Dit is die sesde sintuig waarvan hulle in die Sahara praat. Daardie waarskuwing wat jy altyd ontvang en wat jy eintlik nie kan verklaar nie. Dit is nie iets wat jou oë sien of wat jou ore hoor of wat jou verstand uitwerk nie. Dit is net 'n impuls, iets diep uit jou onderbewussyn wat jou waarsku. Dit ontstel Teuns altyd wanneer hy hierdie gevoel kry.

„Sakdoeke oor die gesig. . . laai gewere vol. . . bajonette. . ."

Fritz glimlag toe hy die bevel hoor, maar hy gehoorsaam dit. Hierdie rekrute is so swak dat hulle skaars 'n bajonet kan aanheg en tog lyk dit asof die Suid-Afrikaner hom klaarmaak vir 'n geveg.

„Jy het nog baie moed, my vriend," sê Fritz.

Teuns Stegmann swaai op sy voete en hy kyk skerp na die Duitser. „Blykbaar het jy iets vergeet, Mundt," sê hy. „'n Lid van die Franse Vreemde Legioen is nooit dood voordat hy werklik dood is nie. Soos dit my lyk, haal ons nog almal asem." Hy kyk die manne deur of hulle sy bevele gehoorsaam. Hulle doen dit stadig en kragteloos, maar hulle doen dit. Sakdoeke word oor die neuse en monde gebind. Gewere word gelaai. Bajonette word aangeheg.

Toe lei Teuns sy klompie manne skuins onder die wind uit sodat hulle nie deur die stank hoef te beweeg nie. Hulle nader die toneel uit die noordweste. Sodoende is dit draagliker want hulle beweeg met die bries saam in die rigting van Fort Laval.

En toe hulle eindelik die toneel bereik, staan hulle verbysterd. Twee van die rekrute word so mislik dat hulle wegdraai.

Perde lê daar groot opgeblaas met die bene styf in die lug. Wit Arabierse klere lê oor die wêreld uitgestrooi soos die aasvoëls daarmee gewerk het. En tussen die Arabierse klere, is daar die helder blou van uniformbaadjies van die Vreemde Legioen. Lyke lê verskeur en vermink op die sand. En toe Teuns daarna kyk, voel hy lighoofdig. Hier lê genoeg uniformbaadjies en broeke om die getal van die garnisen van Fort Laval vol te maak.

Hy draai en kyk op na die vesting. Nog nooit het hy iets so stil en onheilspellend gesien nie. Nog nooit was die teenwoordigheid van die dood vir hom so werklik soos op hierdie oomblik nie.

Daar aan die kant van die verwoesting van Fort Laval, kyk Teuns Stegmann, leier van die klein kolonne, om die beurt in die oë van sy vriende—Fritz en Podolski. Teuns ken hierdie twee makkers van hom al lank. Hulle het baie saam deurgemaak in die Sahara gedurende baie jare. Maar nog nooit het hy vrees so naak en duidelik by enigeen van hulle gesien soos op hierdie oomblik nie.

En nog nooit het hy so duidelik 'n vraag in hul oë gesien nie. Hoewel hulle dit nie uitspreek nie, weet hy wat die vraag in hul oë is: wat gaan jy doen, Stegmann? Wat gaan jy doen met hierdie nege lewens wat aan jou toevertrou is?

Fritz en Podolski het ook noukeurig gekyk na die toneel hier buite die mure van Fort Laval. Ook hulle het hul gevolgtrekkings gemaak. As 'n mens moet oordeel aan die verplunderde en verskeurde uniforms wat hier tussen die verminkte lyke en tussen die dooies verstrooi lê, dan kan daar nie 'n man in Fort Laval oor wees nie.

Maar dit is nie die enigste vraag waarmee die drie senior Legioenmanne worstel nie. Hoe het die lyke hier gekom? Waarom lê die lyke van die legioenmanne nie op die borswerings en in die binneplaas van Fort Laval nie? Wat soek hulle hier tussen die lyke van die Arabiere.

Fritz Mundt is 'n man met 'n eenvoudige en 'n elementêre gees. Hy hou nie daarvan om in sy binneste met vrae te worstel nie. Daarom stel hy nou reguit die vraag aan Teuns: Hoe kom die lyke hier? Waarom is hulle hier? Was dit dan 'n handgemeen? Sou die Legioen manne dan die veiligheid van die vesting verlaat het om hier handgemeen te raak met die Arabiere?

Teuns Stegmann het die vraag reeds uitgemaak. Hy is een van die oplettendste manne in die Legioen. Dit het hy geleer van sy aanvoerder en vriend kaptein D'Arlan. D'Arlan het hom geleer dat selfs 'n klip in die Sahara betekenis kan hê. Of die rigting van die wind, of die vlieg van 'n voël.

Daarom het Teuns Stegmann reeds opgemerk dat daar dowwe sleepsels deur die sand is. Die lyke is hierheen gesleep, deur wie ook al. Dalk deur die manne wat in die vesting oorgebly het, as daar





enige oorgebly het. Dalk deur die Arabiere. Wie weet?

Maar Teuns beantwoord Fritz se vraag nie direk nie want hy weet dat 'n direkte antwoord die bietjie veglus wat nog in die paar manne oor is, moontlik ook kan blus. Daarom antwoord hy heeltemal ontwykend.

Hy glimlag teenoor sy Duitse vriend. „Wie weet," sê hy, „dalk het die manne hier 'n handgemeen gehad."

„Kyk, hier is sleepsels," sê Podolski ontaktvol. „Kan julle dit nie sien nie?"

„Sowaar," sê Teuns, asof dit hom nou die eerste maal opval. „Wel," sê hy, „miskien is die lyke verwyder ter wille van sindelikheid. Miskien wil kaptein Ormond nie met 'n klomp ontbindende lyke opgeskeep sit binne die vesting nie."

Fritz kyk verdwaas na Teuns, met sy kop skeef. „Dink jy kaptein Ormond leef?"

„Wat dink jy dan, Fritz?"

Fritz Mundt beantwoord dit nie.

Teuns, Podolski en Mundt kyk weer na die vesting. Hulle kyk lank daarna. Die aasvoëls wat op die borswerings ingeryg sit, verroer hulle nie. Hulle pluk aan hul vere of hulle sit net daar en droom. Daar is niks wat hulle steur nie. En toe Teuns voel dat die ander twee weer na hom staar, begin hy vinnig aanstryk in die rigting van die poort wat hiervandaan nie sigbaar is nie.

Die ander begin hom volg. Wesenloos, doelloos volg hulle hom. Op hierdie oomblik kan die meeste van hulle nie meer dink nie. Hulle het net een gedagte—water. Dit maak eintlik nie meer vir hulle saak of hulle hul lewens op die spel plaas nie. Al wat hulle begeer is water. En dan kos en rus. Die Sahara maak jou so. Hy teister jou totdat jy 'n baie elementêre mens word. Baie eenvoudige behoeftes. Behoeftes soos water en kos en rus.

Teuns Stegmann lei hulle tot vas teen die muur van Fort Laval. Toe beweeg hy ooswaarts om die vesting na die poort.

Soos alle forte in die Sahara is die poort van Fort Laval stewig en onbreekbaar. Dit bestaan uit twee massiewe torings waartussen daar 'n geroosterde hek van yster is. Dit kan van binne af deur middel van 'n katrol-wiel op en neer gelaat word.